FAMILIEBRIEF 2018/4

Geloofsbrief kan hier afgehaal word.

Familiebrief 2018/4

12 April 2018

SINODESITTING 2018 en GELOOFSBRIEF

Goeiedag vanuit die Sinodehuis. Ek vertrou dat dit daar by julle voorspoedig gaan en dat die Paastyd inderdaad 'n tyd van nuwe lewe en groei sal wees.

Hierdie skrywe dien as die **formele kennisgewing** van die Sinodesitting van Oostelike Sinode wat op **21 – 23 Oktober 2018** by die NG Kerk Pierre van Ryneveld plaasvind.

Ons heg hierby aan die **Geloofsbrief** wat julle moet voltooi met die oog op die sinodesitting. Voltooi dit volledig soos op die vorm aangedui.

Artikel 33 van die Kerkorde beskryf die afvaardiging na die sinodesitting:

"*Die Sinode word saamgestel uit een predikant en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos van predikant vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die predikant afgevaardig word.*"

"*As 'n gemeente méér as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant af te vaardig. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir predikant vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.*"

Gee asseblief dadelik hieraan aandag sodat die voltooide geloofsbrief teen **30 Junie** 2018 by die Sinodehuis sal wees.

Die datum van **30 Junie 2018** is ook die spertyd vir enige saak wat aan die Sinode voorgelê wil word. Sodanige sake word dan hanteer in oorleg met die gevestigde werkswyse en besluite van die Sinode.

Kontak gerus die Sinodehuis met enige navrae.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar